Leipie Nuus

Loer Lees & Luister

9 Oktober 2020

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Loer, Lees & Luister 11

Uit die kantoor:

Die hoof en personeel bedank al die Gr 7 leerders en ouers vir hul bydraes vir Onderwysersdag. Al die personeel waardeer die gebaar opreg.
Ons wens al ons leerders voorspoed toe met die voorbereidings vir toetse en huiswerk.
Hou aan om hard te werk, daar is binnekort 'n ruskans.
Die bestelvorms en inligting vir skryfbehoeftebestellings vir 2021 is uitgedeel aan die leerders. Bestellings by 10/10 skryfbehoeftewinkel sluit op 1 November. Bestellings sal by die skool afgelewer word op 20 November. Neem asb kennis dat skryfbehoeftes wat in 'n vorige graad gebruik is, steeds volgende jaar gebruik kan word. Woordeboeke wat aangekoop is in gr 4, kan ook in gr 5 tot 7 gebruik word.
Gaan loer gerus op Youtube na die oulike onderhoud wat Ruan van Rooyen met Duane Vermeulen voer. https://youtu.be/iAuACpv5nE8

BOODSKAP VANAF HOOFLEIERS:
Onderwysersdag 2020

Vandag vier ons Onderwysersdag. Ons wil graag dankie sê vir elke personeellid in Louis Leipoldt. Onderwysersdag het ontstaan sodat ons ons respek en waardering vir al ons juffrouens en menere kan wys. Hierdie jaar het ons dit gedoen deur vir elke onderwyser 'n briefie te skryf waarin ons ons dankbaarheid wys.
Ons sê dankie vir:
1) Die kreatiewe onderwysers wat ons leer om buite die lyne in te kleur
2) Die wat ons eerste stel en die kurrikulum tweede
3) En die wat vir ons wys dat dit nog moontlik is om te vlieg

Dankie vir julle toegewydheid en moeite veral in die jaar se moeilike omstandighede! Julle is ware superheroes!!
Carla Venter
Onderhoofdogter

Die voorwaarde vir goeie onderwys is goeie onderwysers. Roepingsgedrewe, getroue onderwysers. Daarom is Nasionale Onderwysersdag se bedoeling om so bietjie te fokus op die harde werk van onderwysers en die professie van onderwys in die algemeen. Hier naby die herdenking van Paul Kruger dag (10 Okt) maak dit sin om die harde en getroue werk van onderwysers in gedagte te hou. Oom Paul het immers vir goeie onderwysers selfs in die buiteland gaan soek en hulle na Suid Afrika laat kom en aan hulle die opdrag gegee om die nageslag akademies op te voed. 'n Samelewing kan na hierdie kant toe stoei en na daardie kant toe besig wees, maar as jy goeie onderwys mis, dan mis jy die nageslag. Vir ONS. Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar. Goeie onderwys skuif n samelewing. En goeie onderwys is net moontlik as daar goeie onderwysers is. Goeie onderwys is geweldig belangrik en daarom om vier ons die saam hier by Louis Leipoldt. Daarom dink ons ook as Gr 7's terug aan onderwysers, wat ons lewe verander het, in ons geglo het, en vir ons geleer het hoe om die onbekende toekoms binne te gaan. Ons Gr 7's eer ons hoof en onderwyses en sal vir altyd dankbaar bly vir julle.
Christiaan de Wet
Onderhoofseun

BELANGRIKE DATUM:
12 Oktober: Leierverkiesing Groep A (saal-/toetsperiode)
13 Oktober: Leierverkiesing Groep B (saal-/toetsperiode)
19 Oktober: Leieraankondiging Groep B
20 Oktober: Leieraankondiging Groep A
21 Oktober: Algemene Jaarvergadering. Sien asb inligting op D6 kommunikeerder.
22 Oktober: Skool sluit om **13:40.** Rapporte uit **(Groep A)**
23 Oktober: Skool sluit om **13:40.** Rapporte uit **(Groep B)**

SCHOOL DAYS:
Met School-Days kan geld ingesamel word vir die skool wanneer jy by School-Days' Earn Partners soos Dis-Chem en NetFlorist (en nog vele meer) inkopies doen, en wanneer jy by Shell vul stasies brandstof ingooi met jou digitale Shell T kaart (jy sal dit vind op die School-Days app).
Jy sal ook voordeel trek uit eksklusiewe aanbiedings en afslae.
Om te begin:
1. Sluit aan by School-Days wanneer jy die School-Days App aflaai: www.edu.co.za/app
2. Kies Laerskool Louis Leipoldt as u begunstigde
3. Begin ondersteun
4. Volg jou bydraes en transaksies.

Vir meer inligting: www.schooldays.co.za

Prestasies

FAK EKSPO:
Merie Langner- Fotografie Silwer/brons sertifikaat, Duané Langner- Goue sertifikaat, Wenner Gr 6
SANG:
Inke Janse v Rensburg neem deel aan Pacisa (Performing Arts Community in South Africa) se Nasionale kompetisie en behaal een goud en 3 platinum toekennings.
Inke Janse van Renburg en Nina Strydom het na die finaal van Kids With Talent South Africa deurgedring.
REDENAARS:
Die Gr 7 span wat bestaan uit Johnathan de Clerk, Carla Venter, Hugo Strydom en Nina Strydom het 'n algehele 5de plek in die ATKV DigiSpanpraat kompetisie behaal en 'n 3de plek in Kansvatter se Spanredenaars kompetisie.

VERJAARSDAE - PERSONEEL 28/9-18/10
Brenner Laetitia, Van Niekerk Juanni, Snyman Amanda, Nel Marilè, Stander Elna, Du Preez Lizet, Louw Lelani, Van Niekerk Chanel, Koka Klaas

VERJAARSDAE - LEERDERS 28/9-18/10:
Erasmus Marnu, V/d Westhuizen Lirinè, Van Heerden Daniélle, Van Zyl Jayden, Coetzer Edwin, Herbst Christopher, Van Rooyen Ruan, Wentworth Owen, White Anya David Kevin, Fowler Kristy, Pretorius Alaina, V/d Merwe Juandré, Wepener Jayden, Anderson Janneli, Du Plooy Klaradyn, Grobler Matthew, Mulder Liliana, Schoeman Tristen, V/d Berg Esmi, Van Greune Ane-Belle, Minnaar Camiya, Nortje Michael, Wigg Conry, Van De Venter Nicole, Viljoen Hardus, Lamprecht Lee, Swart Morné, Van Rooyen Benjamin, Van Tonder Ben, Van Wyk Caden, De Waal Marcel, Van Amerom Eddie, Erasmus Kylin, Venter Stefan, Le Roux Lianke, Labuschagne Markus, Nel Christiaan, Du Toit Jayde, Lategan Anzelle, Rademeyer Marco, V/d Merwe Nicolis, Visser Nivan, Bornman Jan-Hendrik, Jansen Van Rensburg Janco, Koegelenberg Detlev, Rademeyer René, Bornman Zoe-Jane, Kritzinger Lika, Van Zyl Skyler, Laughton Mason, Vermaak Chirese, Du Toit Anebelle, Oosthuizen Amanda, Opperman David, Van Heerden Hannah, Moolman Elnè, Nel Pieter, Smit Liam, Van Tonder Waldo, Van Zyl Liya, Cloete Monya.

ADVERTENSIEGELEENTHEID:
L/s Louis Leipoldt het advertensiegeleenthede beskikbaar. Adverteer op die skool se webblad, Facebookblad, skoolblad en met 'n plakkaat. Doen navraag per e-pos: bemarking@louisleipoldt.co.za

SKRYFBEHOEFTELYSTE:
Skryfbehoeftelyste sal vanaf 12 Okt. op die skool se webblad beskikbaar wees. Neem asb. kennis dat skryfbehoeftes van die vorige jaar weer gebruik kan word. Woordeboek in Gr.4 aangekoop kan gebruik word tot Gr.7. 10/10 Skryfbehoeftes winkel beding vir ons die beste prys op skoolpakkette.